# Hillcrest High School

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## JUNIE EKSAMEN 2018

## VRAESTEL 3

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

**GRAAD 10** **TYD : 2 UUR**

**PUNTE : 100**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 7 BLADSYE**
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A : OPSTEL | [50] |
| AFDELING B : Lang transaksionele teks | [30] |
| AFDELING C : Kort transaksionele teks | [20] |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir ELKE afdeling skryf.

6. ALLE beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word.
   Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd so:-

| | |
|---|---|
| AFDELING A : | [50 minute] |
| AFDELING B : | [40 minute] |
| AFDELING C : | [30 minute] |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan ELKE skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A : OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 150 – 200 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by elke skryfstuk wees.

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | **Almal maak foute.** | [50] |
| 1.2. | **Dit was 'n baie skrikwekkende ondervinding!** | [50] |
| 1.3. | **Nuwe dinge wat ek graag nog wil doen.** | [50] |
| 1.4. | **My droomvakansie.** | [50] |
| 1.5 | **Wat ek met 'n miljoen rand sal doen.** | [50] |

**1.6** Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:**
**Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.**

**1.6.1** [50]



**1.6.2** [50]



1.6.3 [50]



**TOTAAL VIR AFDELING A : [50]**

**AFDELING B : LANG TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK**

**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor in jou skryfstuk.
- Skryf die nommer en die titel van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Onthou om eers te beplan en DAARNA 'n eerste poging te skryf.
- Skryf die getal woorde ONDERAAN die finale skryfstuk.

**2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

**[30]**

Jy het die vakansie die persoon wat jou inspireer ontmoet.
Skryf aan jou maat en vertel van hierdie wonderlike ontmoeting wat jy ervaar het.

**2.2 HULDEBLYK**

**[30]**

Jou ouma is gedurende die vakansie oorlede.
Jy was gevra om 'n huldeblyk by die begrafnis te lewer.
Skryf nóu jou huldeblyk neer.

**2.3 RESENSIE**

**[30]**

Jy het onlangs 'n baie goeie film gesien en will dit graag met jou maats deel.
Skryf nou jou resensie neer.

**2.4 DIALOOG**

**[30]**

Jy en jou maats sit en bespreek julle toekomsplanne; wat julle na skool gaan doen.
Skryf nou hierdie gesprek in dialoogvorm neer.

**TOTAAL VIR AFDELING B : 30**

*Blaai om asseblief*

## AFDELING C : KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Onthou om te beplan en 'n eerste poging te wys.

### 3.1 UITNODIGINGSKAARTJIE

[20]

Dit is amper jou verjaarsdag en jy wil 'n verjaarsdag partytjie hou.
Ontwerp 'n uitnodiging om jou maats na jou verjaarsdag partytjie toe uit te nooi.
Onthou die formaat: wie nooi jy uit? Wanneer? Waar? Wat is die tema?

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWING

[20]

Iets wat jou baie bang gemaak het, het vandag by die skool gebeur.
Skryf in jou dagboek wat gebeur het.

### 3.3 INSTRUKSIES

[20]

Jou maat sukkel om te begin leer vir die eksamen.
Jy wil hom / haar help deur 'n paar wenke te gee oor hoe om voor te berei vir die eksamen.
Skryf puntsgewys, in minstens 8 stappe, neer, wat hy / sy moet doen om vir die eksamen te begin leer.

**TOTAAL AFDELING C: [20]**
**Afdelings: A + B + C**
**GROOTTOTAAL: (50 + 30 + 20) = 100**